# UT DIE PEN VAN DIE CEO (8/13)

*Justin Chadwick (22 Februarie 2013)*

***GESEGDE VAN DIE WEEK** "Rushing is not important, making sure is" Afrikaanse Spreekwoord*

## PRODUSENTE ROADSHOWS

| Datum en Tyd | Streek en Plek | Streeksdirekteur |
|---|---|---|
| Dins. 26 Feb: 14:00 | Patensie: Patensie Sitrus Boardroom | Phillip Dempsey 082 498 2778 |
| Woens. 27 Feb: 14:00 | Sondagsrivier: The Lookout, Kirkwood | Pieter Nortje 082 560 2180 |
| Don. 28 Feb: 14:00 | Oos-Kaap Midlands: Katriver Citrus | Jock Danckwerts 083 310 0836 |
| **Dins. 5 Mrt** | KZN Midlands: Victoria Country Club | Mike Woodburn 082 332 1113 |
| **SPAN:** | Mike Holtshauzen, John Edmonds (CGA); Jon Roberts (CGACC); | Jacomien de Klerk (CA); Hannes Bester (CRI);Keith Danckwerts (RB) |

| | | |
|---|---|---|
| Dins. 26 Feb: 09:00 | Boland: Flamingo Room, Infruitec, Stellenbosch | George Hall 082 853 8000 |
| Dins. 26 Feb: 15:00 | Wes-Kaap: GH Hall, Citrusdal | Piet Smit 082 551 1703 |
| Woens. 27 Feb: 16:30 | Oranjerivier: Lake Grappa | Jannie Spangenberg 082 820 2326 |
| Don. 28 Feb: 15:00 | Vaalharts: Saamfarm | Danie Mathewson 082 550 0293 |
| **SPAN:** | Paul Hardman (CGA); Sam Louw (CA); Vaughan; Hennie Le Roux (CRI); Jacques Fouche (RB) | |

## KOSTES: UITVOER VAN SITRUS

Tydens die onlangse vergadering van die Suidelike Halfrond se Vereniging van Varsvrugte Uitvoerders (SHAFFE) in Berlyn was daar een gemeenskaplike tema in die aanbiedings van alle lande – verhoogde kostes maak dit toenemend moeilik om winsgewend in die suidelike halfrond se sitrusuitvoer-besigheid te wees. Mitchell Brooke het werk gedoen oor die verwagte prysstygings in 2013. Hierdie inligting is by beide die pakhuisforums en produsente roadshows aangebied, maar dit is die moeite werd om dit weer hier te herhaal sodat die boodskap na almal oorgedra kan word – **die ekonomie van produksie en uitvoer van sitrus vanaf suider-Afrika lyk nie goed nie.**

- Verbruikersprysindeks (grootliks beïnvloed deur elektrisiteits- en (vervoer) brandstofpryse) het met 40% sedert 2008 toegeneem.
- Arbeidskostes is op van R69 – R105 p/dag (toename 52%) en VPI +1.5% vir 3 jaar = ~R125 p/dag teen 2016 (verhoging 82%). Die werklikheid is dat ons nou beweeg het van goedkoop ongeskoolde arbeid na duur ongeskoolde arbeid – die mikpunt sal wees om na duur geskoolde arbeid te beweeg, dit sal egter tyd neem en belegging in opleiding en menslike kapitale ontwikkeling.
- [Diesel] Brandstofpryse onder geweldige druk weens die swakker Rand en hoë oliepryse in Februarie (verhoging 10%). R0,50c - R1 p/l word teen Mei verwag = ~R13.00 p/l (500dpm).
- Vervoerprys sal onder druk kom weens [Diesel] brandstofverhogings, arbeid (vaste kostes) en Gauteng tol, 10% verhogings teen Mei.

  ***Limpopo se produsente moet hieraan dink – hoe gaan hul vervoerkostes verminder?***
- Eletrisiteit se prys het met 170% sedert 2008 toegeneem. Eskom se tariefaansoek na NERSA vra vir 'n 16% verhoging per jaar vir 5 jaar, wat sal beteken dat elektrisiteit met 110% verhoog indien dit goedgekeur sou word.
- TNPA 2013/14 se tariefaansoek is ingestel om die tariefstruktuur radikaal te verander, dit kan hawekostes (minder vrag en verhoogde huur dws TPT, FPT, CCS en PECS) negatief beïnvloed. CGA het 'n voorlegging gebaseer op 'n kommoditeitsbasis-tarief voorgelê – die Hawe-reguleerder sal die proses in 2013 bemiddel.
- Verskepingslyne se "reefer" vragtariewe sal waarskynlik USD600-USD800 per houer haal. Kan voorsien dat vragtariewe met 25% verhoog = R450 p/plt (R9.00/USD). "Bunker" tariewe het ook drasties sedert Januarie verhoog – BAF.
- ***Swak R/USD, olieprys, eletrisiteitsprys, brandstof[diesel]prys, E-Tol, hawetariewe en vragkostes. 'n Inflasie-verhoging van 20% word vir sitrus-logistieke kostes in 2013 voorspel.***

**SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS HUL TOEKOMS DEUR MIDDEL VAN DIE HEFFING WAT DEUR DIE CGA GEADMINISTREER WORD**